Rietstok – Uitgawe 64

**Januarie 2025**

# Somer



*Kaalwang Valk.*
*Kruger Nasionale Park*



*Varkore - Aronskelke*

# Inhoudsopgawe


- Leef eers in vrede p.2
- Nuwe Jaar – Nuwe Uitdagings p.3
- Sterre p.4
- Jakaranda nuus p.5
- 'n Veer uit my Hoed p.6
- Bass Lake p.7
- Saterdag Selfstudie p.8
- Seniorkuieroggend - 1 November 2024 p.9
- Karavaan wiellaers en hoe gemaak? P.11
- Uitsmijter – Jy wil mos! P.15
- Besoek aan Louis Trichardt Tehuis p.16
- Die Groot Trek p.17
- 2025 Datums en gedoentes p.18


*Vrede is nie die stilte wat kom as die oorlog verby is nie, maar die gevoel van broederskap wat ons verhoed om oorlog te maak.*

*Anoniem*

# Rietvallei Bestuur


Voorsitter:

Pieter Viljoen 078 094-7436

rietvallei@sawa.org.za

Ondervoorsitter:

Frans Scholtz 082 576-3516

Penningmeester: Tjaart Klaasen

tjaartklaasen1@gmail.com

Sekretaris:

rietvallei.sek@sawa.org.za

rietvallei.sawasekr@gmail.com

Seniorburgerverteenwoordiger

Elmarie le Roux 083 551-9367

Streekkampkoördineerder:

Bertus Marx 061 581-2560

Redakteur:

Johan la Grange 063 132-8151

j_la_grange@hotmail.com

Addisionele lid:

Pieter le Roux 083-258-3613


# Leef eers in vrede

"Rest in peace." "Rus in vrede."

Dit is die gevleuelde woorde waarmee baie afgestorwenes op begrafnisse gegroet word.

Die dilemma is egter dat jy slegs eendag in vrede kan gaan rus as jy hier en nou in vrede leef. Geen lewende wat in on-vrede met God en met ander mense leef, is regtig te-vrede nie. Geen mens wat aan haat en bitterheid verblyfreg gee, is ooit rustig nie. Geen geldverslaafde se lewe is enigsins kalm nie. Prediker 5:11 sê juis dat slaap daardie mense ontwyk wat lewenslank agter geld aanhardloop. Net so is diegene wat vrye teuels aan immoraliteit gee nooit vry nie. Hulle is voltydse slawe van hul eie destruktiewe drange.

Om vrede toe te wens aan diegene wat die tydelike met die ewige verwissel, moet ons self eers seker maak dat ons in vrede leef met die Here, met ander mense en met onsself. Jesus se uitnodiging in Matteus 11:28-30, dat elkeen wat vermoeid en oorlaai en moeg is na Hom toe moet kom, is altyd geldig. Sy las is steeds lig en sy juk is sag.

*Stephan Joubert*

**Uit die Woord**

*"Kom na My toe, almal wat vermoeid en swaar belas is, en Ek sal julle rus gee.*
*Neem my juk op julle, en leer van My, omdat Ek sagmoedig en nederig van hart is,*
*en julle sal rus vind vir julle gemoed. Want my juk is draaglik en my las is lig." –*

*Matteus 11:28-30*

# Deur die Voorsitter se venster

# Nuwe jaar, nuwe uitdagings

Goeie middag Rietvalleiers.

Dit is tans so amper 2 uur die middag hier by my en soos dit nou al 'n gewoonte geraak het is dit weer tyd om 'n boodskap te tik vir onse Rietstok.

Sommer om mee te begin, wat het jul van ons vorige Rietsok gedink? Briljante werk van Johan la Grange as ek maar my beskeie opinie mag lig. Doen so voort Johan.

Hier by my en Magdaleen is dit sommer behoorlik nat met klomp reën wat die aarde seën. Alles raak mooi groen en die bome en plante het 'n nuwe lus ontwikkel vir groei.

Miskien is dit tog ook so dat ons aan die begin van 'n nuwe jaar moet stilstaan en so beplan en besin oor die jaar wat voorlê, dat ons 'n brandende lus het om die dagtaak aan te pak met alles wat ons in ons het.

Toe ek hierdie prentjie nou die oggend van 'n vriend af ontvang het, het ek skuldig gevoel dat ek soms die sonskyn in die lewe mis.
Hierdie vriend sê die volgende as jy hom vra hoe dit met hom gaan:
"Goed genoeg." Dit is altyd sy antwoord.




Mag dit hierdie jaar elke dag met een en elk van ons "goed genoeg" gaan. Mag ons so dankbaar wees vir die sonskyn, dat die reëndae min en ver uitmekaar lyk.

Ek glo en vertrou ons sal mekaar saam by sommer baie kampe sien.



Pas julle mooi op.

*Pieter en Magdaleen*

# STERRE

*Soos die sterre aan die hemel,*
*wat daar vonkel ongeteld*
*(FAK 97)*

Vra maar, almal weet wat sterre is. Ons weet ook dat daar ook planete is en selfs wat die verskil tussen sterre en planete is. Die "mense wat weet" kan jou lank besig hou met interessanthede oor sterre en hulle "kunde". Snaaks egter, ek kan nie onthou wanneer laas ek sterre ge"sien" het nie; bewustelik bekyk het nie. Dis asof sterre nie meer saak maak nie; sterre het nie meer 'n wesenlike doel nie. In ons stede is daar soveel lig, dat die meeste sterre maar sukkel om 'n indruk op ons te maak. En tog, het die Here 'n ster gebruik om die wysemanne na die Christuskind te lei.

Sterre vertel ons van:

- Die getalle van die "kinders van Abraham" (Gen 15:5)
- Die Christus wat oppad was (Num 24:17)
- Dat die Christus gebore is en waar Hy te vinde was (Matt 2:2)
- Hoe Christene, (as ligdraers) moet optree (Fil 2:15, 16)

Wat die ligdraer eienskap betref:

> *"Julle skyn onder hulle soos sterre in die heelal, deurdat julle vashou aan die woord van die lewe."* (Fil 2:15, 16 *2020)*

Dit vertel van wat die Filippense doen en hoe hulle dit moet doen.
Die bron van sterre lig:

- Weerkaatsing
  In die natuurwetenskaplike wêreld is planete en satelliete weerkaatsende oppervlaktes wat die lig van die son na ons weerkaats.
  Die lig wat ons moet weerkaats is "die woord van die lewe".
  As ons nie hierdie lig weerkaats nie, kan dit wees dat ons nie in die lig leef nie, of dat daar iets tussen die ligbron en ons gekom het. Soos 'n spieël kan dit ook gebeur dat ons nie reg op die ligbron ingestel is nie.
- Interne energie
  Sterre, so verstaan ons, is sonne in ander sterrestelsels en sonne se energie is intern. Hierdie energie was teenwoordig tydens die vorming van die ster. Mens kan sê die energie is deur die Skepper daar geplaas. Dit is daarom nie onsself wat so "besonders" is dat ons kan skyn nie. Die vermoë is in ons geplaas deur Hom wat die Eerste is en die Laaste sal wees.

Ons is mense en dus "lekker lui". Soos gesê, mens sien deesdae nie juis sterre nie; daar is nie net te veel ander lig. Solank ESKOM hulle werk doen en die rekeninge betaal is, kan ons self lig maak en lyk sterre maar effe nutteloos(?)

Sterre of planete het nietemin nie juis 'n keuse nie. Vir sterre is die "skyn" in hulle aard; sterre loop oor daarvan. Planete is weerkaatsers en hulle kan ook nie hul eienskappe weg wens nie. Nie eers die "stof en klippers" op die maan kan die son se lig weg wens nie, behalwe as iets tussen die son en die maan in skuif.

Hoe kan ons dan soos sterre skyn?
Paulus skryf: *"deurdat julle vashou aan die woord van die lewe."*

Só kan ons verseker dat ons invalshoek met die Bron reg is en dat niks tussen ons en die Bron kom nie.
Sê nou net die wêreld sien jou sterretjie nie raak nie?
Dis nie jou probleem nie; voer jy jou opdrag uit.
Ons is elkeen 'n deeltjie van Sy plan.

*Jy in jou klein hoekie*
*En ek in myn          Onthou jy?*

# Nuus uit Gebied Jakaranda

Net so 'n bietjie bekende agtergrond:
SAWA is onderverdeel in Gebiede en hulle is:

- Goeie Hoop
- Jakaranda
- Kaap Middellande
- Oosrandia en
- Vaaldriehoek

Streek Rietvallei is deel van Gebied Jakaranda en die streke in hierdie gebied is op die oomblik:

- Bosveld
- Kiepersol
- Pretoria
- Rietvallei
- Roodekruin
- Wapadrand en
- (Voorheen) Wesrand (tans besig met finale sluitingsproses)

'n Gebied se bestuur bestaan uit 2 verteenwoordigers per streek en 1 verteenwoordiger per satellietstreek.
Verteenwoordigers is volgens die SAWA Grondwet (§2.4.1) verkieslik die voorsitter en 'n secundus wat deur 'n betrokke streekbestuur vir 'n jaar aangewys word.

Die ampstermyn van 'n gebiedsbestuur is ook 1 jaar.
Die gebiedsvoorsitter word afsonderlik verkies en mag tydens sy/haar ampstermyn nie in enige ander SAWA bestuur dien nie. Dit beteken dat, as die voorsitter van 'n streek tot gebiedsvoorsitter verkies sou word, die betrokke streek 'n "nuwe" voorsitter moet verkies.
So ver die grondwet.

Hier volg die Nuus:
Chris Pienaar was gebiedsvoorsitter tot vroeg Desember, toe hy bedank het.
Wilanda Prinsloo, wat op daardie stadium gebieds ondervoorsitter was, is op die daaropvolgende gebiedsvergadering verkies tot gebiedsvoorsitter.
Francois Groenewald, voorsitter van Roodekruin, is as ondervoorsitter vir Gebied Jakaranda verkies en Streek Kiepersol se nuwe voorsitter in Wilanda se plek, is Quintin Prinsloo. Dit beteken dat Kiepersol op soek is na 'n nuwe ondervoorsitter. Streek Kiepersol het verkies om iemand buite Kiepersol bestuur ('n gewone lid) te identifiseer, om ondervoorsitter te word.
Baie geluk aan Wilanda, Francois en Quntin met julle nuwe verantwoordelikhede.

Veral geluk en sterkte aan Wilanda, want 'n gebiedsvoorsitter het sitting op Nasionale Bestuursvergaderings, as verteenwoordiger van Gebied Jakaranda en al sy lede, asook as lid van SAWA se Nasionale Bestuur.

Rudi Kleynhans is 'n lid van Streek Oos-Rand en gekoöpteer by Gebied Jakaranda as skakelbeampte. Soos bekend, was Rudi tevore die skakelbeampte van SAWA en dit is met hierdie kennis en ondervinding wat hy tans by Jakaranda betrokke is. Rudi is tans besig met 2 projekte:

- Bevestiging van die "Lekker Kamp" beginsel in Gebiede Jakaranda en Oos-Rand
- Ontwikkeling van 'n inligting en werwingsbiljet vir SAWA.

Die twee projekte is aan mekaar verwant in die sin dat "Lekker Kamp" dit ten doel het om te verseker dat SAWAnante dit sal geniet om te kamp en dat ander gaste in 'n oord kan beleef hoe ons dit geniet, sodat hulle sou navraag doen oor SAWA en sy positiewe eienskappe.
'n Konsep biljet is onlangs aan Wilanda (gebiedsvoorsitter) voorgelê.
Die pad vorentoe behoort binnekort duideliker te wees.

Geniet intussen julle lekkerkamplewe
(waarvoor ons gewoonlik nie aanwysings voor nodig het nie).

## 'n Veer uit my hoed

Wel, en dit was toe die feestyd…
Gekom, gegaan en nou weer terug na die meer normale gang. Dit voel vir my of die almanak al vinniger blaai hier na afloop van die AJV in Augustus, net om jou eensklaps en sonder seremonie teen 2 Januarie uit te dop, sodat jy jouself kan bymekaarmaak om dit alles weer van voor af aan te pak.

Rietvallei se jaarprogram is goed aan die gang. Teen hierdie tyd is die Bass Lake saamtrek iets van die verlede en ons is goed oppad Hartbeeshoek-toe (21 tot 23 Februarie). Gaan kyk gerus weer na die gawe aanbod wat Hartbeeshoek bied.
(Die eerste kennisgewing is uitgestuur op 28 Januarie)

Die opspraakwekkende spookkamp is vanjaar beplan vir Maart.
Pieter en Magdaleen Viljoen is weer "projekleiers". Pieter het juis tydens die afgelope bestuursvergadering die aap so effe uit die mou gelaat. Na die Viljoens se suksesvolle kitsvakansie oor nuwe jaar, het hy laat blyk dat die spook dalk in die omgewing van Balito kan kamp. Klink vir my lekker, maar 'n naweek is dalk net bietjie kort?

Dankie vir al die Rietstok bydraes ontvang en veral die foto's. Ons voorblad fotos met die komplimente van Pieter le Roux. Stuur asseblief steeds foto's in? Veral van Rietvallei gedoenery, soos saamtrekke en kuieroggende.

Mag 2025 alles inhou waarop julle wens, waarvoor julle bid en selfs meer.

*Redakteur*

# Bass Lake

Sou mens vir "My Vriend Jan" vra hoe dit met hom gaan, is die antwoord gewoonlik: "Volgens plan."
So sou mens ook van die Bass Lake saamtrek in Januarie kon sê en dan byvoeg "en meer".

Bass Lake is sowat 50km van die Vlieënde Pieringwisselaar, uit op die Moloto-pad, of as jy 'n roetenommer soek, R573. Die padoppervlakte van die R573 is nogal goed deesdae en Vrydagoggend was die verkeer lig genoeg om die rit 'n plesier te maak. Na 47,7km (sê Google) draai mens links af. (Dieselfde afdraai gebruik mens ook vir Ruahpark). Dan volg mens die kronkelende grondpad vir 'n stadige 2,5km na die oord. Die pad was redelik nat na die week se reën, met 'n stroompie wat oor die pad loop net voor mens by die oord se hoofhek regs draai. Net jammer van die eiendom op die regterkant van die pad wat so oorbeweid lyk; daar was nie 'n bossie in sig nie.

Frans en Stefanie het Donderdag woonwa opgeslaan en 'n lekker rustige stil aand geniet. Die res het Vrydag aangeland en so teen 2-uur was almal in. Dit was lekker dat Chris en Nellie Stander weer kon saam kuier.

Die oord is baie mooi groen op die oomblik. Die meeste staanplekke se gras was in 'n baie goeie toestand. Die veld lyk ook baie mooi en meeste van die paadjies in die veld wat nie gereeld gery word nie, is tot knieghoogte met gras toe gegroei. Die damme lyk mooi maar mens kan die effek van die reën sien by die inlope na die damme.

Iemand het geweet te vertel dat Roodeplaatdam oorloop en 'n handvol moés net na die skouspel gaan kyk. 'n Vier-man-ekspidisie is daar met 'n Amarok weg om "gou" te gaan kyk. Maar, toe word dit regtig 'n ekspidisie. Die damwal is weg… Of eintlik, die pad na die damwal is weg. Van die beamptes by die hoofingang tot die veiligheidspersoneel by die LNR se plantbeskermingsnavorsingstasie en al wat 'n trapfiets ry of 'n selfoon bedryf, het almal al gehóór van die damwal maar nou dat jy vra… Die antwoorde het gewissel van "hou net links" en "die pad is baie sleg" tot "geen toegang". Ons het toe maar die "baie slegte pad" probeer, maar moes tou opgooi omdat die pad regtig baie sleg is en omdat die water só in die pad staan, dat mens nie weet of dit nie miskien 'n seekoeigat is nie. Mens kon darem van daar die wal sien en moes tevrede wees met 'n veraf-blik, sonder dat die lawaai van die water ooit hoorbaar geword het. Vir die een of ander rede het die toegang tot die damwal opgedroog. Miskien is dit "Geen toegang" of dalk "Geen belangstelling"? (Terloops, ons was op 'n stadium binne 600m van waar ons wou wees, sonder om dit te weet!).




*Daaar's die damwal…*
*anders sien julle dit dalk nie!*

Frans en Stefanie het gekoördineer en Kerrie-en-Rys was op die doenlys. Getrou aan hulle manier van doen, het hulle 'n rugsteundis Vrydagmiddag voorberei. Stefanie was bekommerd dat die rys te "sticky" sou wees, maar daar was geen teken van "sticky-geit" nie. Na boekevat het Frans-hulle aandete voorgesit en die vrese dat die mense te min sou kry was ongegrond. Daar het genoeg oorgebly om die Saterdag by ontbyt by te sit.

In Januarie word dit laat donker, maar met so 'n na-ete geselsery bekruip die donker ons en toe kom die sterre uit en satelliete ook; heelwat meer as wat in die stad te siene is, maar nog 'n bietjie yl.  Ons kon heel paar ou stukke blinkgoed sien verby trek.

Frans se Saterdag Selfstudie oordenking was vir my besonders en met Frans se instemming, is dit na hierdie artikel geplaas.

Om te saam-ontbyt was baie suksesvol.  Miskien omdat dit nie regtig georganiseer was nie.  Elk het gedoen wat hy wou, soos hy wou, saam met 'n goeie porsie lekker-kuier.

Lees asseblief ook Frans se kampnuus oor Bass Lake soos in jou e-posbus en teen hierdie tyd ook op die webblad.
Baie dankie vir die lekker kuier en slimstories!

*Johan*

# Saterdag Selfstudie

Air Commodore Vishal was 'n straalvlieënier.  In 'n gevegsmissie is sy vegvliegtuig deur 'n missiel vernietig.  Hy het homself egter uitgewerp en veilig met sy valskerm geland. Hy het lof en waardering van baie gekry.

Na vyf jaar het hy eendag saam met sy vrou in 'n restaurant gesit.
'n Man van 'n ander tafel het na hom gekom en gesê:
"Jy is kaptein Vishal!  Jy het straaljagters gevlieg.  Jy is afgeskiet!"
"Hoe in die wêreld het jy dit geweet?"  vra Vishal.
"Ek het jou valskerm gepak," antwoord die man met 'n glimlag.

Vishal het van verbasing en dankbaarheid gesnak en gedink:
"As die valskerm nie gewerk het nie, sou ek nie vandag hier wees nie."
Vishal kon daardie nag nie slaap nie, terwyl hy aan daardie man gedink het.
Hy het gewonder hoeveel keer hy hom dalk gesien het en nie eers gesê:
"Goeie môre, hoe gaan dit met jou" nie?" of enigiets, want hy was 'n vegvlieënier en daardie persoon was net 'n veiligheidswerker.

So vriende, wie pak jou valskerm vandag en hierdie nuwe jaar?
Almal het iemand nodig wat voorsien dat jy deur die dag kan kom.
Ons het baie soorte valskerms nodig wanneer ons vliegtuig neergeskiet word -
Ons het nodig:

- ✓ die fisiese valskerm,
- ✓ die emosionele valskerm, en
- ✓ die geestelike valskerm.

Ons doen 'n beroep op al hierdie ondersteunings voordat ons veiligheid bereik. Soms in die daaglikse uitdagings wat die lewe ons gee, mis ons dit wat regtig belangrik is.
Ons kan versuim om te sê:

- hallo,
- asseblief, of
- dankie,
- wens iemand geluk met iets wonderliks wat met hulle gebeur het,
- gee 'n kompliment, of
- doen net iets lekker sonder rede.

Soosjy deurgaan:

- hierdie week,
- hierdie maand,
- hierdie jaar,

Erken die mense wat jou valskerm pak.
Ek wil net vir jou dankie sê wat verlede jaar my valskerm op een of ander manier gepak het- deur jou woorde, dade, gebede ens..

*Past. Peter*

## Seniorburger Kuieroggend – 1 November 2024



*Elmarie le Roux verwelkom en verduidelik die dagorde.*

Streek Rietvallei se seniorburger kuieroggend is gehou in die saal van Renaissance, met die vriendelike bemiddeling van Elmarie en Pieter. Die geleentheid is goed bygewoon en 'n aantal Rietvalleiers wat intussen woonwaloos geraak het, was ook daar.

Elmarie en Pieter dink gewoonlik die een of ander interessante speletjie of aktiwiteit uit om die klomp aan die gang te kry en hierdie keer was dit allerhande idiome wat met lepels te doene gehad het. Elke tafel het 'n idioom ontvang, wat hulle met mimiek moes uitbeeld. Soos te verstane, het dit baie plesier verskaf. Dink maar aan hoe jy die volgende kan uitbeeld:

- Van die hand tot die mond val die pap op die grond
- Met die goue lepel in die mond gebore
- Solank die lepel in die pappot staan
- Die lepel in die dak steek

Onse mense kan nogal baie kreatief wees en al die idiome is reggeraai, danksy die vaardige mimiekkunstenaars. (Dis nou julle daai!)




Okdj adrdsshmf cdt q Dkl `qhd



Dkj ddmrd=hdsr aqhmf ‖
v nqc +meddrl ``k




Uhq L dk9
=Nl c`s ix udqi``q ‖

Mel het intussen op 29 Julie 2024 sy #80 skoene aangetrek en ons het die mylpaal saam gevier. Pieter en Magdaleen Viljoen het spesiaal vir die geleentheid van Blydepoort gekom om die gelukwensing namens die Rietvalleiers oor te dra.
'n Besonderse " geluk", Mel! Ons is bly ons kon deel van die viering wees.
Mag jou toekoms mooi verby en geseënd wees en mag jou goue jare werklik spesiaal wees.


*Mel vier 80 geseënde jare*

Hierdie was ook die geleentheid om die Marees na hul maandelange karevaantoer terug te verwelkom. Ons verneem hulle was oral en elders en het dit baie geniet. Dirk sê hy kan nie wag om dit nie weer te doen nie. Wel, hier is nou mense wat hulle emmerskoplys suksesvol met een item verkort het.
Baie welkom tuis, Dirk en Marlene!

As daar nou een ding is wat die Marees nou goed kan doen is dit om wa op te slaan -en af te slaan -en…

**2025**
Hierdie jaar is daar drie senior kuiergeleenthede op die program (sien laaste bladsy van hierdie Rietstok). Die eerste geleentheid word vir 8 April by die Pretoria Botaniese tuine beplan vir 'n lekker stap, mits die weer dit toelaat. Sieg het aangebied om 'n paar roete moontlikhede te ondersoek en voorstelle te maak vir mense met verskillende stap behoeftes. Elmarie sal nader aan die tyd vra vir 'n aanduiding van wie die geleentheid wil bywoon, sodat die nodige reëlings met die restaurant getref kan word. Meer inligting volg mettertyd.

*Advertensie*



# Karavaan Wiellaers

Amper 10 jaar gelede hou Streek Mooifontein saamtrek by Soetdoring Vakansieplaas, in die noorde van Vereeniging, in die omgewing van Arconpark. Die deelnemers daag op, slaan op en kuier lekker; - behalwe Hendrik Karstens en kie. Gelukkig werk die selfoonnetwerk en Hendrik laat weet dat hulle teenspoed het. Hulle staan êrens op die R59. 'n Motoris het beduie daar is moeilikheid by die karavaan. Hendrik hou stil en sowaar, dis net rook en probleme by die woonwa se regterwiel. Lang storie kort, versekering reël dat die woonwa na 11-uur die aand by die oord afgelaai word soos wafferse "hogere" persoonlikheid in 'n jooloptog. Nou ja, as jy met 'n wa by 'n oord staan, daardie tyd van die nag, dan "oornag" jy.

Francois Krüger is SAWAnant en een van daardie werklik praktiese mense. Saterdagoggend breek aan en hy en Hendrik neem bestek van die probleem. Ook nie lank nie, stuur Francois vir Hendrik winkels toe met 'n kooplysie. Gelukkig kom Hendrik reg met al die nodige onderdele en Francois vervang daar, in die oord, die wiellaers.


*Francois in aksie*

Hierdie is die artikel wat Francois geskryf het om die hoekom, die waarom en die hoe van wiellaers te verduidelik. Met uitsondering van 'n Rietvalleier of twee, kan ek nie dink dat enige van ons sommer die taak in die veld sou wou aanpak nie. Maar, dis miskien belangrik dat mens verstaan wat dit behels.

Francois is aan die woord:

> Julle moet nou mooi luister. Ek gaan dit net een keer vertel. Julle moet dit glo, of julle kan dink dit is sommer 'n klomp snert wat ek julle gaan vertel. Ek weet iemand gaan my wil skiet vir dit wat ek julle gaan vertel, maar dit is hoe ek dit sien.
>
> Nou vir die tegniese gedeelte van die WIELLAERS,....
>
> Baie mense koop 'n karavaan en dan word hy net eenkeer perjaar gebruik om die gesin op die gebruiklike Desember vakansie te neem. Maar ons SAWA mense is mos nie so nie. Ons sleep omtrent elke naweek. En dit is waarom ons nie moet krap waar dit nie jeuk nie. As jou wa se gloeilampe werk, dan ruil jy mos nie die goed nie. Hoekom moet jy dan die wiele afhaal van jou karavaan en die laers toe plak met ghries as daar nog voldoende ghries in is? Mense wat nie so baie sleep soos ons mense nie, moet hulle laers ruil voordat hulle sleep, want die laer staan op een plek stil vir 'n lang periode. Dit maak nie saak of jy jou wiele elke dag gaan draai nie. Mense dink hulle het die wiel gedraai maar dit was so 'n maand of wat gelede. Dit is waar die ding inkom dat jou wiellaers weer met ghries gepak moet word. Die rollertjies in die binne laer en die buite laer lê lekker teen mekaar vir 'n lang tydperk en dink: "wanneer gaan ons op ander plekkies lê?" Daar waar die rollertjie nou so rustig gelê het, veroorsaak die twee metale 'n tipe van 'n droogte en dan kom daar roes voor. Onthou net, ghries is baie dikker as olie en smeer nie alles soos wat ons dink nie. As jy jou karavaan nie so baie gebruik nie, so 2 tot 3 keer per jaar of minder, sal ek voorstel datjy dan jou wiele afhaal om na die laers te kyk, of daar nie roes is waar die laers gelê het nie. Die geringste roes kan veroorsaak dat daar 'n plat plekkie op die laer ontwikkel en dit is dan dat die vierkantige goed en die ronde goed nie meer wil saam werk nie. Dan gaan dit nie help hoeveel ghries jy in die laer het nie. Die laer gaan oppak. En mens kan nie die rokie terug sit as die rokie eers uitgekom het nie.
>
> Dit is tog raadsaam om jou remme en die laers so elke 30 000 km na te gaan.

Natuurlik sal mense wat met hulle boswaens gaan kamp, dit meer gereeld moet doen, want hulle ry snaakse paaie.

Die meeste karavaan handelaars het 'n "BEARING KIT" watjy sommer so oor die toonbank kan koop. Anders kan jy net die binneste of die buitenste laer koop of net die seël en moer en 'n splitpen. Maar onthou as jy 'n splitpen uitgehaal het, moetjy 'n nuwe een insit. Neem maar die ou laers en seël saam as jy nuwes gaan koop. Dan is jy sekerjy kry die regte onderdeelnommer en die regte laers vir jou karavaan.

Daar is ook verkillende tipes ghries wat die mense gebruik. Probeer om ghries met 'n hoë smelttemperatuur te koop. Onthou ons is mos geneig om die karavaan so bietjie ekstra te laai om al ma se goed by die kamp te kry wat sy in elk geval nie gaan gebruik nie. Die bande loop dan warmer ook (weens die vrag) en die hitte versprei na die binneste gedeelte van die wiel waar die laers gehuisves word. Dit is raadsaam om die wiele en die remdrom af te haal om te kyk hoe die remskoene lyk. Veral as jy al vergeet het omjou handrem hééltemal te laat sak voordat jy vertrek het op 'n reis. (Vra my, dit het al gebeur!)

My raad aan almal is om te kyk of daar tekens is van ghries wat uitloop agter die wiel weens 'n foutiewe seël. Indien daar tekens daarvan is, is dit raadsaam om oop te maak en te kyk wat fout is. Dan kan jy sommer na die remskoene ook kyk. En as daar olie of ghries op die remskoene gekom het, ruil dit met nuwe remskoene. Maak ook seker dat jou hande skoon is wanneer jy met die remskoene werk. Remskoene word nie so baie geruil op 'n karavaan soos op 'n kar of bakkie nie. Onthou jou karavaan se remme skop eintlik net in as jy hard rem. Anders ry hulle maar net saam. Dit is raadsaam om die remskoene gereeld na te gaan. Maar dan moet jy die remdrom verwyder om dit te doen. Die vrag wat 'n karavaan se wiele dra is nogal baie. Jy sal verbaas wees wat weeg elke blikkie of boek wat jy saamry kamp toe. As jy ooit weer jou wa ordentelik skoonmaak, klim op die badkamer skaal en neem dan die krat met blikkieskos watjy saamneem en weeg dit saam met jou. Trek jou gewig van die totale gewig af en siedaar, jy het die gewig van die krat. Doen dit met alles wat jy laai. 'n Liter water wat jy saamry weeg al klaar een kilogram. Wyn weeg darem nie so baie nie. (Ek dink so!)

As iemand anders jou laers vir jou oordoen, vra vir die ou goed terug. Dan kan jy sien of alles geruil is. Ek het al gesien dat daar nie 'n seël in plek is nie, dan loop al die ghries uit en is dit 'n gemors. Die ghries pak saam op die remskoene en dan moet jy in elk geval die remskoene ook ruil. Jy sal verbaas wees dat die laer nie dadelik die gees gee nie.
Maar as jy die wiellaers moet of wil ruil, is dit eintlik maklik.

**Benodighede:**

1. Wiel stoppe (Chocks)
2. Wiel moersleutel
3. Groot platpunt skroewedraaier
4. Klein platpunt skroewedraaier
5. Langneus tang
6. Ring moersleutel of 'n soksleutel ("socket").
   (17 tot 24mm sal voldoende wees)
   'n Skuifsleutel (shifting spanner) werk nie so lekker nie.
7. Groot plat pons "pinpunch" (6-8 mm)
8. Hamer
9. Twee hout blokke om die remdrom op neer te sit

10. Nuwe laers en seëls
11. Wiel laer ghries
12. 2 X nuwe splitpenne

- Maak seker dat die karavaan op 'n gelyk oppervlakte staan.
- Maak die wielmoere/boute net so kwart draai los.
- Lig die woonwa op met 'n domkrag onder die as sodat die wiel in die lug is.
- Gebruik die karavaan se hoekstutte as veiligheidsmaatreël vir ingeval jou karavaan van die domrag af skuif. Jy kan ook bokkies (axle stands) onder die as in sit.
- Haal dan die wiel of.
- Gebruik 'n dun skroewedraaier en haal die stofdop (dust cap) af. Werk hom eweredig uit sy omhulsel.
- Vee liggies af en verwyder die splitpen.
- Dan maak jy die moer los. Links om. (Die linker wiel mag dalk 'n linksom draad hê) Party karavane het 'n wasser onder die moer.
- Sit 'n matjie of 'n groot lap onder die wiel sodat die laers en goed nie op die grond val nie.
- Trek nou die remdrom af. Dit behoort nie te moeilik af te kom nie.
  **DIE HANDREM MOET AF WEES ANDERS KRY JY NIE DIE DROM AF NIE.**
- Maak alles deeglik skoon — nie met parafien nie.!!! Daar is olie in parafien.
- Kyk of daar nie merke op die laers is nie.
- Dit sal goed wees om 'n nuwe seël in te sit as jy nie die laers gaan ruil nie. Onthou jy het die seël nou versteur.
- Om die laers uit die remdrom te kry, moet jy iets kry om die laers mee uit te slaan. Ge-bruik 'n pons en slaan die buitenste laers uit. Daar is 'n klein skouertjie wat uit staan waarop jy kan slaan.
- Sit die remdrom op die twee houtblokke neer as jy die laers uitslaan.
- Werk in die rondte om die laers uit te kry, anders sit hulle skeef en dan kom dit moeilik uit. Die binneste laers sit gewoonlik nie vas op die as nie.
- Om alles weer terug te sit moet jy seker maak dat daar nie olie of ghries aan die remskoene gekom het nie.
- Die geheim van die hele storie is om alles wat lyk soos stof, weg te hou van die laers en seëls af, anders werk die goed nie. Ghries en stof maak slyppasta (grinding paste).
- Maak die rem drom en die as goed skoon.
- Sit die buitenste laers in die drom en druk hulle so diep moontlik met die hand in.
- Maak seker van die rigting wat die laers ingesit moet word. Hulle behoort redelik styf in die drom te pas.
- Maak seker dat hulle heeltemal ingedruk is.
- Gebruik weer die pons om hulle behoorlik te "seat". Werk weer in die rondte om die nuwe laer in te sit.
- Sit ghries in jou handpalm en druk die binneste laer met die rollers deur die ghries sodat dit by die anderkant uitkom. Doen dit met altwee laers.
- Sit die binneste laer in, dan die buitenste laer en dan die seël.
- Druk die seël goed in.
- Maak seker dat die seël die regte rigting in is. (Plat kant na buite.)

- Wees versigtig wanneer jy die nuwe seël insit, dit word maklik beskadig. Gebruik 'n hout blokkie om die seël op sy plek te kry (te "seat"). Party mense sit nog so bietjie ekstra ghries tussen die twee laers in die middel van die drom.
- Sit die drom oor die as en dan sitjy die voorste binneste laer in.
- As daar 'n wasser is, sit dit op die as voordatjy die moer opsit.
- Draai die moer op en draai die drom die heel tyd terwyljy die moer vasdraai. Die wiel sal begin moeilik draai. Moet nie die moer vas maak tot die wiel nie meer draai nie. As die wiel styf draai, gee die moer skiet en kyk dat die gaatjie mooi oplyn vir die splitpen om in te gaan.
- Wikkel die drom heen en weer om te kyk of daar nie te veel speling op die drom is nie. Die drom moet maklik kan draai.
- Nou sit jy die splitpen in en buig die kortpunt agtertoe en die lang punt vorentoe oor die as. As alles mooi vas is, neem jou vinger met ghries en sit nog so 'n bietjie op die laer watjy laaste in gesit het. Moet nie ghries in die stofdoppie sit nie. Onthou dit is 'n stofdoppie; nie 'n ghriesdoppie nie.
- Sit die stofdoppie terug en maak seker dat hy heeltemal in is. Jy kan 'n stukkie hout neem en dit teen die stofdoppie vashou en dan met 'n hammer tik om dit behoorlik op sy plek te kry.
  (Jy wil nie die ding ook verloor nie!)
- Sit die wiel terug maar moet nie die moere / boute nou vasmaak nie.
- Draai die wiel vir oulaas om seker te maak dat die wiel nie te los op die as is nie. Verstel indien dit te los is.
- Verwyder die bokkies (axle stands) en tel die karavaan se hoek stutte op.
- Laat sak die karavaan tot op sy wiele.
- Maak nou die wielmoere / boute styfvas. Jy wil nie sleep en die goed kom los nie. Dit lyk aardig as die wiel byjou verby kom teen 100 km per uur
  … én daai wiel hardloop baie ver as hy vry hardloop
  ... én jy gaan lank soek om hom weer te kry.
- Doen nou dieselfde met die ander wiel.

Sterkte!

Francois Krüger

*Hierdie artikel geplaas met die vriendelike instemming van Francois.*

**Slaag met die operasie, óf…**

Die pa van 'n bekende sjirurg benodig 'n operasie.
Hy dring daarop aan dat sy seun die operasie doen.
Net voor die narkotiseur die narkose toedien,
roep die pa sy seun nader en sê vir hom:
"Seun moenie bekommerd wees omdat jy op jou vader moet opereer nie. Doen net jou bes en onthou, as die operasie 'n mislukking is,
kom jou ma by jou en jou vrou intrek."

*RSG*

**Muskiete en Kwantum Fisika**

Om muskiete te jag gee mens 'n goeie insig oor die aard van kwantumfisika:
'n Muskiet is nie waar hy was nie.
Die spesifieke plek waar 'n muskiet op enige gegewe oomblik is, is bloot 'n waarskynlikheid.
As jy weet teen watter spoed die muskiet beweeg, is sy posisie onbekend.

*Kalbag*

# Uitsmijter

'n Uitsmijter is 'n populêre Nederlandse gereg wat allerhande gedagtes van "klaargepraat" oproep. Meeste het al hiervan gehoor en sommige het dit al probeer. Die term is goed bekend, maar is nie beperk to manne wat kuierplekke " skoon" hou nie. Wikipedia reken die gereg het in Duitsland, in die omgewing van Berlyn, ontstaan en daar is dit bekend as "Strammer Max".
Dis glo die laaste gereg wat bedien word voordat die langasem gaste uitgesmyt word. Dis maklik om uitsmijters te maak en die wysie gaan só:

**Bestanddele:**

- 1 teelepel botter
- 2 groot eiers
- 2 snye wit brood
- 2 skyfies ham
- 2 velletjies kaas (as jy wil, beleë Gouda)
- Sout en peper na smaak.

**…en dan maak hulle só:**

- Smelt die botter in 'n pan
- Bak die eiers in die pan totdat die onderkante begin set.
- Haal die pan van die hitte af, sit eenkant met 'n deksel op sodat dit kan "stoom" Óf maak die eiers gaar soos jy daarvan hou en hou dit eenkant.
- Rooster die brood, as jy wil.
- Plaas die snye brood op 'n bord
- "Versier" die brood met eiers, ham en kaas
- Smelt die kaas (as jy dink dis 'n lekker plan)

En daar het jy dit!
Soos mens kan sien, is daar heelwat ruimte vir variasies op die tema van "Bokkie jy moet hy'stoe gaan."



*Een Uitsmijter en dan is jy oppad.*

Nee, Sarel, jy kan beslis nie nog poeding kry nie. Dit is nie goed om op 'n vol maag te gaan slaap nie.
Maar Ma, ek slaap altyd op my rug.

**My Ma as 'n Ma**

As jy honger is, eet brood!
As jy nie vir brood lus is nie,
Dan is jy nie honger nie!

**My Ma as 'n Ouma**

Is jy honger my liefie?
Daar is beskuit, milo, koekies of chips. As jy nog honger is, sal ouma vir jou iets anders maak.

*TJK*

Hors d'oeuvres are
ham sandwiches
cut into 40 pieces.

*Goldstuck*

# Louis Trichardt Tehuis – 23 Des 2024

Ter verlenging van ons Rietvallei se "Omgee" vir 2024 (wat tydens ons 2024 AJV goedgekeur was), het ons 'n stewige aflewering vir 2024 bewerkstellig.

Die aflewering van 19 swart sakke en 2 kartondose het ingesluit skoene, handdoeke, warm truie en ander kledingstukke en warm maak goeters asook tydskrifte vir tydverdryf.

Sedert die Covid-19 pandemie het heelwat van die bejaardes afgesterf, verhuis, of by kinders ingetrek en sedert ons besoek in Julie 2023, het die tehuis 'n aantal inwoners verloor en nuwes bygekry. Tans woon 36 bejaardes in.

Die inwoners is hoofsaaklik van staatspensioen afhanklik. Die tehuis gaan tans ook finansieël gebuk onder ander uitgawes en is baie afhanklik van skenkings.

Hierdie was seer sekerlik weereens nog een van ons vele suksesse vir Rietvallei.

Onderstaande boodskap vanaf die tehuis en inwoners sê baie:

*"Hello Tjaart. Die Bestuur en inwoners wil net hul dank uitspreek vir die donasies en dit was weer vir hulle lekker om "onthou" te word so in die feestyd.*
*Thank you very much for the donation of beautiful clothes to the residents of Louis Trichardt Old Age home. The residents chose what they wanted and are very appreciative.*

*Kind regards"*

ONS TUIS
otmt

**Mrs/Me. Jenny Wesson**
Matron/Matrone

A:69 Delaney Street
Danville
Pretoria 0033

T: (012) 386-5729
W:www.otmt.org

So, baie dankie aan ieder en elkeen wat vrywillig en ywerig aan hierdie spesiale 2024 projek deelgeneem het, in besonder De Meerpaal Aftree Oord vir hul skenking.

*Tjaart Klaasen*



*Links:*
*Ondermatrone en twee van die inwoners neem die skenkings in ontvangs tydens ons besoek.*

*Regs:*
*En sommer net nog 'n foto want ons KAN (uit dankbaarheid)*



# Die Groot Trek

Vandag 'n week gelede het my ma haar tent hier gelos......
So onverwags........
Sommer so op haar badkamervloer.......
Haar tent gelos vir haar "mansion".
Die een wat Jesus lank gelede belowe het Hy gaan bou.
En haar tent het gehou totdat haar "mansion' klaar en gereed was.

Ons praat van iemand "aan die dood afstaan" of iemand "verloor". Maar as ons iets verloor het, weet ons nie waar dit is nie en ons gaan dit nie weer terug kry nie. Ons staan ook nie aan die dood af nie, want die dood het nie meer die laaste sê of mag nie. Die dood het sy angel verloor.

Hulle trek.....
Die Groot Trek.......
Die vinnige trek.......
Die trek wat jy trek sonder jou goedjies.
Die laaste paar jaar het baie van ons mense getrek.
Al 4 ons ouers is al deur die Groot Trek en bly nou in "luxury".

Met my ma se trek van haar tent tot haar "mansion" het ek volgende besef:

- Koop die tyd uit!
  Maak tyd vir mense!
  "Besig wees" is jou eie flou verskoning en jou eie keuse.
- Sê wat jy moet sê en vra wat jy moet vra. Al is dit ongemaklik.
  As jy dit nie in die tent vra nie, kan jy dit in die "mansion" ook nie vra nie.
- Kyk en luister na jou lyf. Pas jouself mooi op.
  Gaan maar vir die doktersbesoek en stap maar waar jy kan dat die bloed en die are mooi met mekaar kan werk.
  Moenie jou "engine" te veel ref nie, die "tieker" hou nie daarvan nie.
- Vergewe. Weer..... in die tent kàn jy nog.
  Vergifnis is 'n besluit en nie 'n gevoel nie.
  Hy leer ons so mooi in die Onse Vader. Onthou jy?
- In so 'n hartseer tyd gaan dit nie oor wie die persoon geken het wat dood is nie.
  In so 'n tyd sien jy wie jou ken wat agterbly en treur.
  Mense wat drukkies kom gee, kos aandra, verantwoordelikhede oorneem, boodskappe dra, elke nou en dan vra - is jy oraait?
  Kinders wat vir 'n week in my huis kom bly sodat sy my in die oog kan kyk en self besluit of ek oraait is.

Ons is almal bestem vir die Groot Trek.
My "mansion" is dalk vêr van klaar af, of dalk amper klaar....."who knows"?

Tot dan wil ek léwe!!!!
EN vergewe!!!!!!
EN lief hê!!!!!
EN "memories" maak!!!!!!
EN die ongemaklike goed sê en die ongemaklike vrae vra!!!!

Tot dan wil ek mense inspireer om beter te leef. Om in Hom te leef.
Tot dan wil ek my oog vestig op die Een wat die dood oorwin het.

Wat maak jy terwyl jy in jou tent bly?
Hoe hou jy jouself besig?

*Oorgeneem deur Tjaart*

# Saamtrekke in 2025

| Streeksaamtrekke | |
|---|---|
| **Datum** | **Oord** |
| 21 tot 23 Februarie | Hartbeeshoek |
| 28 tot 30 Maart | Spookkamp |
| 16 tot 18 Mei | Almega |
| 15 tot 17 Augustus | Kokoriba |
| 12 tot 14 September | Weaversroost |
| 17 tot 19 Oktober | Sionbergh |
| 21 tot 23 November | San Cha Len |

*De*

Mit vorgehaltener Pistole stürmt der Räuber in das Antiquitätengeschäft: “Geld her!”
Darauf der Händler:
“Moment mal, darf ich mal sehen …dafür zahle ich Ihnen höchstens 15 Euro” !

| Senior Saamtrekke | |
|---|---|
| **Datum** | **Oord** |
| 14 tot 16 Mei | Almega |
| 10 tot 12 September | Weaversroost |

| Senior Kuieroggende | |
|---|---|
| 8 April | Botaniese Tuine |
| 27 Junie | Sal nader aan die datums bekend gemaak word |
| 31 Oktober | |

| Gebied saamtrek Weesgerus | |
|---|---|
| **Datum** | **Beskrywing** |
| 2 - 4 Julie | Seniorsaamtrek |
| 4 - 6 Julie | Gebiedsaamtrek |


*Advertensie*



Skakel Dalena Marx
vir
Bioway goggagif
en
30 mikron swartsakke
by
082-415-0976

**Bioway:**
1, 2 en 5 liters

**Swartsakke:**
50 of 100 sakke per pak

**Skoonmaakmiddels:**
Beskikbaar in 2l, 58